Cambridge Assessment International Education

# Cambridge IGCSE™

CANDIDATE NAME

CENTRE NUMBER

CANDIDATE NUMBER

*0123456789*

**AFRIKAANS AS A SECOND LANGUAGE** **0548/01**

Paper 1 Reading and Writing **For examination from 2025**

SPECIMEN PAPER **2 hours**

You must answer on the question paper.

No additional materials are needed.

**INSTRUCTIONS**
- Answer **all** questions.
- Use a black or dark blue pen.
- Write your name, centre number and candidate number in the boxes at the top of the page.
- Write your answer to each question in the space provided.
- Do **not** use an erasable pen or correction fluid.
- Do **not** write on any bar codes.
- Dictionaries are **not** allowed.

**INFORMATION**
- The total mark for this paper is 60.
- The number of marks for each question or part question is shown in brackets [ ].

This document has **16** pages. Any blank pages are indicated.

© Cambridge University Press & Assessment 2022

## Oefening 1

Lees die artikel oor ’n rot met die naam Magawa en beantwoord dan die vrae wat volg.

### Magawa, die helde-rot



Magawa is ’n rot wat landmyne uitsnuffel. Hy het ’n goue medalje vir sy dapperheid gewen. Die rot het die medalje gekry nadat hy landmyne in Kambodja uitgesnuffel het. Mense noem rotte soos Magawa helde-rotte omdat hulle soveel lewens red.

’n Britse organisasie wat diere met moeilike lewens help, het hierdie medalje aan Magawa toegeken. “Ons wou Magawa eer vir sy werk om lewens in Kambodja te red. Hy het ten minste 39 dodelike landmyne uitgesnuffel sodat dit verwyder kon word,” het die hoof van die organisasie gesê.

Die sewejarige rot is in Tanzanië gebore. Hy is daar opgelei om landmyne en ernstige siektes uit te snuffel. ’n Rot word minstens ’n jaar lank opgelei voordat hy kan begin werk.

Magawa is ’n Afrika-reusebuidelrot. Hierdie rotte kan tot 1,2 kg weeg en word tot 70 cm lank, wat swaarder en groter as die meeste ander soorte rotte is. Gelukkig is Magawa klein genoeg en lig genoeg om oor ’n landmyn te loop sonder dat dit ontplof.

Die rotte leer om landmyne veilig uit te snuffel. Hulle ignoreer die metaal van die landmyne, en fokus net op die chemiese stof daarin. Wanneer ’n rot ’n landmyn vind, krap hy op die plek waar hy dit ruik. Die mense wat landmyne verwyder, hou die rotte dop. Hierdie mense merk dan die plekke en haal die landmyne later uit.

Magawa kan ’n gebied so groot soos ’n tennisbaan in 20 minute deursoek, terwyl dit ’n mens tot vier dae sal neem. Hy is dus baie vinniger as ’n mens wat met ’n metaalverklikker werk omdat hy net op die chemiese stof in die landmyn fokus.

“Deur sy werk red Magawa talle mense se lewens. Elke landmyn wat hy uitsnuffel, maak die lewe veiliger vir die mense van Kambodja. Die landmyne is ’n dodelike gevaar sedert die burgeroorloë van die 1970’s en 1980’s,” vertel die hoof van die Britse organisasie.

Die goue medalje word sedert 2002 toegeken om diere se dapperheid te erken. ’n Dier kan hierdie medalje ontvang as hy help om iemand se lewe te red wanneer sy eie lewe in gevaar is. Die woorde “Vir diere se dapperheid en toewyding” verskyn op die medalje.

Vandat die goue medalje die eerste keer toegeken is, is dit aan 29 diere gegee. Al hierdie pryswenners was honde. Dit het verander toe die landmyn-snuffelrot Magawa die prys ontvang het.

“Dit is ’n groot eer vir ons om hierdie medalje toe te ken,” vertel die hoof van die Britse organisasie. “Mense oral ter wêreld het groot bewondering vir rotte soos Magawa.”

Magawa sal binnekort moet aftree, maar daarna sal hy help om ander rotte te leer hoe om snuffelwerk te doen.

© Cambridge University Press & Assessment 2022 

**1** Waarom word dapper rotte soos Magawa "helde-rotte" genoem?

.................................................................................................................................... [1]

**2** Hoe verskil die Afrika-reusebuidelrot van ander rotte?

.................................................................................................................................... [1]

**3** Hoe wys rotte vir mense dat hulle 'n landmyn gevind het?

.................................................................................................................................... [1]

**4** Hoekom is dit 'n voordeel dat rotte op die chemiese stof in landmyne fokus?

.................................................................................................................................... [1]

**5** Wat maak dit spesiaal dat Magawa die goue medalje gewen het?

.................................................................................................................................... [1]

**6** Magawe se werkslewe kan in **drie** fases verdeel word. Noem die fases.

........................................................................................................................................

........................................................................................................................................

.................................................................................................................................... [3]

[Totaal: 8]

## Oefening 2

Lees die artikel oor vier jong mense (**A–D**) wat almal lief vir musiek is. Beantwoord dan die vrae.

### Wat musiek vir my beteken

**A Lindiwe**

My ma en my ouma ken baie tradisionele liedjies. Toe ek klein was, het ons altyd saans saam gesing. Dit is waar my liefde vir musiek begin het. Ek het later in die skoolkoor gesing. Ons koorleier het my en twee van my vriendinne aangemoedig om ’n sanggroep te begin. Ons het elke middag na skool geoefen – sonder enige musiekinstrument. Om heeltemal sonder begeleiding te sing, verg fokus en konsentrasie! Maar ek het dit so geniet dat ek eendag sommer my eie liedjies begin skryf het. Een was ’n liedjie oor die betekenis van verskillende soorte liefde. Ek was so trots toe albei my vriendinne dol daaroor was. Ons koorleier het ons vir die eisteddfod ingeskryf. Ons was baie senuweeagtig, maar ons het mekaar aangemoedig om net kalm en gefokus te bly. Toe wen ons! Dit was ’n jaar gelede. Intussen skryf ek al hoe meer liedjies, en ons sing deesdae dikwels by geleenthede soos troues.

**B Johan**

Ek het grootgeword met die klank van die musiek van die 1960’s en 1970’s waarna my ouers graag oor die radio geluister het – folk-sangers soos Bob Dylan, en natuurlik rockgroepe soos die Beatles. Bob Dylan se liedjies het ’n belangrike invloed op my gehad. Hy het my geleer om anders te dink en nie net te aanvaar wat die meeste mense as reg beskou nie. Op hoërskool het ek die kitaar as my musiekinstrument gekies en lesse begin neem. Toe my ouers sien hoeveel ek dit geniet, het hulle vir my ’n kitaar vir my verjaardag gekoop. Dit was my wonderlikste present ooit! Daardie kitaar is my beste vriend. Daar is niks so lekker soos om op my kitaar te tokkel nie. As ek ’n bietjie verveeld voel en iets soek om te doen, gryp ek my kitaar en gaan speel onder die boom in die tuin. Dit werk elke keer!

**C Nicky**

My pa en drie van sy kollegas speel reeds jare lank in ’n kwartet. My pa is die violis, dan is daar ook ’n altviool, ’n tjello en ’n basviool. Van kleins af het die tjello my gefassineer. My pa het voorgestel dat ek eers viool leer speel, want dit was kleiner om vas te hou. Hy het toe vir my lesse gegee. Ek het dit geniet, maar my droom was om die tjello te speel. Dit het waar geword toe ek hoërskool toe gekom het. My kennis van die viool het my gehelp om gou met die tjello reg te kom. Vir my is dit hemels om na ’n tjello te luister! Dit het so ’n diep, suiwer en gevoelvolle toon! Ek en ’n goeie vriend wat ’n fluitspeler is, speel dikwels saam. Dit is verbasend hoe goed ’n tjello en ’n fluit saam klink. Dit is ons droom om met ons instrumente deur die wêreld te reis en musiek te maak om ons brood te verdien.

**D Ismail**

My ouers is albei joernaliste en luister van soggens vroeg tot saans laat na die nuus – plaaslik en internasionaal. Ek het na musiek begin luister om weg te kom van al die stories oor politiek, oorloë en korrupsie waarna hulle gedurig luister. Daar is nie een spesifieke soort musiek wat ek verkies nie; dit moet net goed wees. Ek dink my musieksmaak word “eklekties” genoem – ek hou van die beste van ’n klomp verskillende soorte musiek. Maar verskillende soorte musiek pas vir my by verskillende aktiwiteite. Ek luister byvoorbeeld na ritmiese musiek terwyl ek in die gim oefen, maar verkies klassieke musiek wanneer ek huiswerk doen. Ek het geen begeerte om ’n instrument te leer speel nie, maar dalk voel ek in die toekoms anders oor die saak. Solank ek my foon in my sak en my oorfoontjies in my ore het, is ek in die sewende hemel.

© Cambridge University Press & Assessment 2022 

**Skryf vir elke vraag die korrekte letter A, B, C of D in die spasie.**

**Watter persoon ...**

**Question 7**

**(a)** beskryf die klank van ’n musiekinstrument? .......... [1]

**(b)** vertel hoe lede in ’n groep mekaar kan bystaan? .......... [1]

**(c)** verduidelik die betekenis van ’n woord? .......... [1]

**(d)** het ’n spesifieke wens vir die toekoms? .......... [1]

**(e)** voel dat ’n mens deur musiek van onaangename dinge kan ontsnap? .......... [1]

**(f)** beskryf hoe musiek ’n mens se perspektief kan verander? .......... [1]

**(g)** bewys dat ’n passie vir musiek tot kreatiwiteit kan lei? .......... [1]

**(h)** gebruik moderne tegnologie om musiek te geniet? .......... [1]

**(i)** geniet musiek in die buitelug? .......... [1]

[Totaal: 9]

© Cambridge University Press & Assessment 2022 

**Oefening 3**

Lees die artikel oor ’n slimhotel wat robotte gebruik. Voltooi dan die aantekeninge.

**Suid-Afrika se eerste slimhotel**

Welkom by die Hotel Sky, Suid-Afrika se eerste slimhotel. Hier sal jy ons drie robotte, Lexi, Micah en Ariel, ontmoet.



By die Hotel Sky is daar darem een mens met wie jy kan praat: Herman, die bestuurder. Herman is mal oor sy span robotte. Die blink, wit robotte herinner ’n mens aan een van die robotte in die fliek *Star Wars*, maar hierdie drie is altyd vriendelik. Verskillende kleure patrone maak dit maklik om hulle te identifiseer.

Lexi, Micah en Ariel leer aanhoudend nuwe dinge, sê Herman. “Hulle het kunsmatige intelligensie. Dit beteken hoe meer vrae jy aan hulle vra, hoe slimmer raak hulle. Hulle kan byvoorbeeld reeds vrae oor die omgewing rondom die hotel beantwoord, maar later sal hulle ook kan sê hoe om byvoorbeeld by die lughawe te kom. Ons kan voorspel watter vrae mense gereeld vra, en dan programmeer ons die robotte met die antwoorde.”

Herman beklemtoon dat die drie robotte mense nie heeltemal vervang nie. “Maar hulle maak die lewe makliker vir ons personeel, en hulle maak ons hotel uniek.” Die drie robotte, asook toestelle in die hotel, word met ’n app bedryf. As gas het jy dus min kontak met mense, wat kan help om jou verblyf in die Hotel Sky geriefliker te maak.

Maar presies hoe “slim” is die Hotel Sky, en hoe werk dit?

Jou foon is jou sleutel tot die Hotel Sky. As jy die hotel se app aflaai, kan jy daarmee jou kamer bespreek. Jy kan ook die app gebruik om deur die hotel se eie internet met alle toestelle in jou kamer te kommunikeer. Jy hoef aan niks te raak nie, want jy gebruik die app om dit te beheer.

Volgens Herman is die hotel se slimklavier in die sitkamer gaste se groot gunsteling. “Jy kan die klawers en pedale sien beweeg terwyl dit self speel,” vertel hy. “Dié klavier maak musiek sonder ’n pianis, want dit werk met speellyste. Gaste kan met die hotel se app hul eie gunstelingmusiek op die klavier laat speel.”

Herman sê slimtegnologie word ook gebruik om vergaderings en konferensies glad te laat verloop. “Ons vergadersale het digitale skerms; dus hardloop niemand met papier en pen rond nie. Wanneer die vergadering verby is, kan jy die aantekeninge per e-pos aan almal stuur.”

Die kos op jou bord is gelukkig regte kos en ook baie smaaklik. Daarvoor sorg die Hotel Sky se sjef, ’n wêreldberoemde kok. Maar die robotte bedien jou by jou tafel, en hulle kunsmatige intelligensie maak dat hulle jou na die eerste ontmoeting onmiddellik sal herken. Hulle sal ook weet wat jou gunstelinge op die spyskaart is.

Hoe jy vir die vriendelike, altyd geduldige Lexi, Micah en Ariel ’n fooitjie kan gee, kan Herman nog nie sê nie ...

**Jy gaan 'n praatjie oor die slimhotel in die klas lewer. Gebruik woorde uit die artikel om jou te help om aantekeninge te maak.**

**Maak kort aantekeninge onder elke opskrif. Die eerste aantekening is vir jou gemaak.**

**Question 8**

Kenmerke van die robotte se persoonlikhede:

*vriendelik*

.............................................................................................................................................

............................................................................................................................................. [2]

**Question 9**

Voordele van die robotte vir gaste:

.............................................................................................................................................

............................................................................................................................................. [2]

**Question 10**

Redes waarom die Hotel Sky 'n slimhotel genoem word:

.............................................................................................................................................

.............................................................................................................................................

............................................................................................................................................. [3]

[Totaal: 7]

© Cambridge University Press & Assessment 2022

**Oefening 4**

Lees die onderhoud tussen Riaan Jacobs en Leitha Mkhabela, ’n vrou wat die omgewing bewaar. Beantwoord dan die vrae wat volg.

**Die Swartmambas**

**Riaan:** Leitha, jy is ’n lid van die Swartmambas. Wie en wat is die Swartmambas?

**Leitha:** Die Swartmambas is 16 ma’s, susters, tannies en oumas wat van plattelandse dorpe in Mpumalanga en Limpopo af kom. Ons is vroue wat namens die wilde diere van ons land wil praat en veg. Ons wil Suid-Afrika se wilde diere bewaar.

Tien jaar gelede is baie renosters in die Balule-natuurreservaat, wat deel van die Krugerwildtuin is, gestroop. Toe het daar net mans in die reservaat gewerk. Die bestuurder van Balule het toe besluit dat hy iets nuuts wil probeer. Hy het vroue aangestel. Só het ons gehelp om ons gemeenskappe te wys hoe sleg die onwettige jag van diere vir die omgewing is. Voorheen kon ons vroue nie werk kry en geld verdien om ons kinders te versorg nie. Ons het min sê oor ons eie lewe gehad. Nou doen ons werk wat mans tradisioneel gedoen het, en ons blink uit.

Ons het die naam Swartmambas gekies, want die swartmamba is die mees gevreesde en giftigste slang in Suid-Afrika. Ons is trots op die naam, want dit pas by ons. Die naam sê ons is nie hier om te speel nie – ons is hier om die natuur dag en nag te bewaak.

**Riaan:** Hoe het jy ‘n Swartmamba geword en hoe is jy opgelei?

**Leitha:** Na matriek wou ek universiteit toe gaan om meer oor omgewingsbewaring te leer, maar my ouers kon dit nie bekostig nie. Ek het toe van die Swartmambas gehoor en besluit om aansoek te doen om by hulle aan te sluit. Op hoërskool was ek al aktief in die skool se ekologieklub. Ek het besef ek kan hierdie omgewingskennis as ’n Swartmamba gebruik. My opleiding by hulle het in 2013 begin.

Ons opleiding was baie soos soldate se opleiding. Ons veg mos ’n oorlog teen stropers, maar sonder wapens. Aan die begin het ons twee weke lank in die bos gebly. Van sesuur in die oggend tot sesuur in die aand het ons sersant en korporaal ons opgelei. Hulle het ons oor dieregedrag geleer, hoe om stropers te hanteer, en wat om te doen as ons stropers se spore vind. Ons het in ’n skuiling gebly wat ons self gebou het. Ons het min geslaap, want een persoon moes altyd wagstaan. Dit was moeilik. En ons het in ons uniforms geslaap, want as iemand alarm maak, moes ons gereed vir aksie wees. Teen sonop moes ons alle spore van ons kamp verwyder, asof ons nooit daar was nie. Die opleiding was uitdagend, maar ek het baie oor spanwerk en dissipline geleer. Dit was ook die moeite werd, want niemand in ons eenheid is nog deur diere of stropers beseer nie.

**Riaan:** Wat is julle rol in die gemeenskap?

**Leitha:** Ons probeer ons jong mense leer dat ons nie hierdie oorlog met koeëls hoef te veg nie. Ons wil nie bloed sien nie. Ons wil vir stropers wys daar is beter maniere om vir jou gesin te sorg. Met opvoeding en deur die grense te patrolleer gaan ons wen. Ons móét wen.

Ons is rolmodelle in ons gemeenskappe en trots daarop. Ons kinders is trots daarop dat hulle oumas, ma’s en susters ons wilde diere beskerm. Hulle bewonder wat ons doen. Ek sê nou vir jou dat as ons tien poste adverteer, sal ons teen die einde van die dag 500 aansoeke hê om uit te kies.

© Cambridge University Press & Assessment 2022 

**Skryf vir elke vraag die korrekte letter A, B of C in die spasie.**

**11** Wat was ’n gevolg van die bestuurder van Balule se nuwe plan?

**A** Vroue kan nie geld verdien om hulle kinders te versorg nie.

**B** Vroue maak gemeenskappe bewus van stropers en bewaring.

**C** Vroue leer mans hoe om in hulle gemeenskap uit te blink.

[1]

**12** Wat sê die naam Swartmambas van die groep vroue?

**A** Hulle is ryk en trots.

**B** Hulle is humoristies en optimisties.

**C** Hulle is dapper en gefokus.

[1]

**13** Wanneer het Leitha se belangstelling in die omgewing begin?

**A** Toe sy op skool was.

**B** Nadat sy matriek voltooi het.

**C** Tydens haar opleiding.

[1]

**14** Waarom vergelyk Leitha die Swartmambas se opleiding met soldate se opleiding?

**A** Hulle word opgelei om met wapens te veg.

**B** Hulle leer om beserings te behandel.

**C** Hulle word afgerig om altyd gereed vir aksie te wees.

[1]

© Cambridge University Press & Assessment 2022

**15** Wat bewys dat die Swartmambas bewonder word?

**A** Die Swartmambas verander stropers se houding teenoor diere. ☐

**B** Oumas, ma's en susters werk saam om wilde diere te beskerm. ☐

**C** Baie vroue wil graag by die Swartmambas aansluit. ☐

[1]

**16** Wat was die belangrikste doel van hierdie onderhoud?

**A** Dit wys hoe Leitha baie uitdagings oorkom het. ☐

**B** Dit toon die belangrike rol van vroue in bewaring. ☐

**C** Dit leer mense hoe om stropery te bekamp. ☐

[1]

[Totaal: 6]

© Cambridge University Press & Assessment 2022 

**BLANK PAGE**

## Oefening 5

### Question 17

Iets wat jy baie graag wil hê, is aanlyn beskikbaar, maar dit is op die oomblik te duur vir jou.

**Skryf ’n e-pos aan ’n maat oor jou dilemma.**

In jou e-pos moet jy:

- sê wat die artikel is en waar jy dit gesien het.
- verduidelik waarom jy dit so graag wil hê.
- beskryf wat jy gaan doen om dit te kan koop.

**Jou e-pos moet tussen 120 en 160 woorde lank wees.**

Jy sal tot 6 punte vir die inhoud van jou e-pos en tot 9 punte vir jou taalgebruik kry.

© Cambridge University Press & Assessment 2022 

[15]

[Totaal: 15]

© Cambridge University Press & Assessment 2022

## Oefening 6

### Question 18

Jou skool se dramaklub het onlangs aan ’n toneelfees vir plaaslike skole deelgeneem. Die organiseerders wil leerders se menings oor die toneelfees hoor. Jy is gevra om ’n verslag te skryf.

**In jou verslag moet jy noem wat jy omtrent die toneelfees geniet het, én voorstel hoe dit verbeter kan word.**

Hier is kommentaar van leerders in jou dramaklub:

Dit was lekker om ander skole se toneelstukke te sien.

*Party skole se toneelstukke was regtig vervelig.*

Ons het geleer hoe belangrik spanwerk is.

Dit sal gaaf wees as meer skole kan deelneem.

**Skryf nou jou verslag vir die organiseerders van die toneelfees.**

Die kommentaar hierbo kan vir jou idees gee, en jy kan van jou eie idees gebruik.

**Skryf tussen 120 en 160 woorde.**

Jy sal tot 6 punte vir die inhoud van jou verslag en tot 9 punte vir jou taalgebruik kry.

© Cambridge University Press & Assessment 2022 

[15]

[Totaal: 15]

© Cambridge University Press & Assessment 2022 

**BLANK PAGE**

Permission to reproduce items where third-party owned material protected by copyright is included has been sought and cleared where possible. Every reasonable effort has been made by the publisher (Cambridge University Press & Assessment) to trace copyright holders, but if any items requiring clearance have unwittingly been included, the publisher will be pleased to make amends at the earliest possible opportunity.

Cambridge Assessment International Education is part of Cambridge University Press & Assessment. Cambridge University Press & Assessment is a department of the University of Cambridge.

© Cambridge University Press & Assessment 2022 